# DIE KINDERDOOP

Die kinderdoop kom nie voor in die Woord nie. Dit is 'n gebruik wat uit die Heidendom kom en baie, baie lank gelede in die kerk "ingevoer is".

Eben Swart van die "Trumpet Call" bediening het 'n studie gemaak van die onderwerp en skryf as volg in sy dokument, getiteld: "Kinderdoop" ....

> *"Dis 'n heidense gebruik wat 17 eeue gelede in die Rooms-Katolieke Kerk ingevoer is. Konstantyn die Grote (Romeinse Keiser) het toe die Christelike geloof as die Staatsgodsdiens verklaar. Alle Romeinse burgers móés Christene word. Paganisme (Heidendom) is onwettig verklaar, die heidense tempels is toegemaak en die heidene is in die Roomse Kerk opgeneem. Maar dié het hul heidense gebruike en beskouïnge saamgebring – wat kort voor lank die Staatskerk binnegedring het – die geboorte van die Rooms-Katolieke Kerk soos ons hom vandag ken.*
>
> *Tydens die Reformasie van die 1500's het Protestante (volgelinge van Martin Luther) hierdie doopgebruik onveranderd vanaf die Roomse Kerk oorgeneem, en later leerstellinge ontwikkel om dit te regverdig. Hierdie doktrines vorm deel van wat vandag as "Verbondsteologie" bekend staan."*

Hoekom sekere kerke die kinderdoop verbind met die besnydenis (van die O.T. en die hartsbesnydenis van die N.T.), is omdat hulle dit koppel aan die **Verbond** wat met **Abram** gesluit is. Sodoende word "doop" vir hulle een en dieselfde as "verbond".

Eben Swart skryf ...

> *"Die ganse Kinderdoop-doktrine staan volledig op slegs één leerstellige pilaar:*
>
> *Dat die doop 'n seël is van die **Abrahamitiese Verbond.***
>
> *Ter wille van bondigheid sal ons nie hier probeer verduidelik HOEKOM dit so is nie. Ons sal volstaan deur te sê dat enigiemand wat in die Abrahamitiese Verbond (die verbond wat God met Abraham gesluit het – Gen. 15; 17) ingesluit is, **gered is**. Dís Verbondsteologie. "*

**DIE VERBOND MET ABRAM**

Om "gered" te wees verg egter geloofstoepassing, iets wat 'n baba nie kan doen nie.

Kom ons verduidelik ...

Bloed was betrokke by die verbondsluiting met Abram, naamlik die bloed van die diere wat geoffer is in Gen. 15. Die Verbond met Abram was net soos die Verbond met Noag, "***JaHUaH se Verbond***", want die Woord sê elke keer ... *"My Verbond"* ... en ons lees vir die eerste keer daarvan nadat Noag-hulle uit die ark uit was en offerandes moes bring, Gen. 9:9 - 13. Die "My" Verbond is altyd met bloed bekragtig en dit behels ook dat JaHUaH **by Homself** gesweer het.

Dis die "Sterk Verbond" waarvan Dan. 9 ook geprofeteer het. JaHUsha het gevolglik daardie verbond met Sy eie bloed kom bekragtig **omdat** JaHUaH by Homself gesweer het (Gen. 22:16 – 18, Heb. 6:13 – 18) en dis hoekom daar **twee** Entiteite in Gen. 15:17 - 18 teenwoordig was, terwyl Abram self geslaap het. Vir meer inligting oor die Dan. 9:24 - 27 profesie en JaHUsha se vervulling daarvan, sien die dokument: *DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE.*

JaHUaH bekragtig dus Sy Verbond met Bloed en **nie met water nie** en dis wat JaHUsha as **een van die Twee Entiteite o**p die Folterpaal gedoen het. Daarom moet ons geloof in JaHUsha as die Gesalfde hê ... in Sy sterwe en opstanding. Doop of selfs "die geloof in doop", kan nie red nie. Die doop is dus nie die seël van die verbond nie, maar die Bloed is wel.

Die doop **volg** wel nadat iemand tot geloof gekom het in JaHUsha as die Gesalfde, en gevolglik gewederbaar is.

Daarnà word dit dan met die doop in water opgevolg, want dit **simboliseer** dan in die fisiese realm dìt wat geestelike realm plaasgevind het, naamlik die "doop in Sy dood" asook die opstanding wat sal volg. Dus ... eers die Bloed, dan die Doopwater.

In Egipte was dit ook **èèrs** die bloed van lammers wat hulle van die dood gered het wat al die Egiptenare se eersgeborenes getref het, en **daarnà** is hulle deur die Rooi See wat die "**doop in Moses**" was, in die Wolk en in die see (1 Kor. 10:1 - 11).

Die Nuwe Testamentiese Doop het dus die "doop in Moses" kom vervul. *(Vir meer inligting, sien die dokument: DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE.*)

**BESNYDENIS**

Doop vergelyk dus nie met besnydenis nie, want met besnydenis is daar ook **bloed betrokke** *(net soos met die paaslammers).* Besnydenis het te doen met toegang tot die Beloofde Land.

JaHUaH het nooit Sy Verbond met water bekragtig nie, dit was altyd met bloed, "*want die lewe is in die bloed*" (Lev. 17:14). Eers deur diere s'n, maar dit was net totdat JaHUsha dit kom bekragtig het met Sy eie bloed.

Daarom GEDENK ons hierdie Verbond van JaHUaH *(My Verbond)* telkens met die **Nuwe Verbondsmaal** soos wat JaHUsha dit ingestel het met Brood en Wyn, en ons doen dit nie via die Doop met water nie. Die brood verteenwoordig "Sy liggaam" wat vir ons gebreek is en die wyn verteenwoordig "Sy bloed" wat vir ons gestort is.

Ons kan m.a.w. nie die Doop nou wil **gelykstel** aan **die Nuwe Verbondsmaal** wat ons met Pasga herdenk nie en sê dat die Waterdoop as sulks "Verbond" is nie.

Doop met water (onderdompelingsdoop) is wel die SIMBOLIESE UITDRUKKING in die **fisiese** realm, van die **geestelike doop** wat in die geestelike realm gebeur het, naamlik die "doop in Sy dood" (wat wel Verbond behels). Dis soos 'n troupand wat toon dat iemand getroud is. Maar mens kan ook mos nou nie net 'n troupand aansit en dink dat dit die huwelikseremonie moet vervang nie. Eers die een, dan die ander.

Die besnydenis het getoon dat die Israeliete Abram se nageslag was, volgens die belofte wat hy gekry het in Gen. 15:4 - 6.  Fisiese Israel was fisies besny, maar geestelike Israel beleef 'n hartsbesnydenis, en daarvoor is geloof noodsaaklik.

Die besnydenis was dus direk gekoppel met die belofte aan Abram *(wie daarna AbraHam geword het)*, nl. dat sy nageslag, **sy saad**, sou word soos die "sand van die see" (fisiese Israel) en die "sterre van die hemel" (geestelike Israel).    Sien:  Gen. 22:17 - 18.

JaHUsha het uit die **fisiese** nageslag van AbraHam gekom en **deur Hom** het die "sterre van die hemel" nageslag onstaan, soos wat aan Abram belowe is.  JaHUsha was <u>diè Saad</u> (enkelvoud) van AbraHam waardeur dit gebeur het.

Dis die fondasie van die fisiese besnydenis (en die hartsbesnydenis), en **daar was geloof betrokke**, sowel as weereens **die bloed**, en nie water nie.

> Gen 15:4  Toe kom die woord van JaHUaH tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een **wat uit jou liggaam sal voortkom**, hy sal jou erfgenaam wees.
> Gen 15:5  Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die **sterre** as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees.
> Gen 15:6  En <u>hy het in JaHUaH geglo</u>; en <u>Hy het hom dit tot geregtigheid gereken</u>.
>
> Gal 3:16  Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en **aan sy saad**. Hy sê nie: En aan die sad**<u>e</u>**, asof dit op baie sien nie, maar **op een**: En aan **jou Saad**, <u>dit is die Gesalfde</u>.
>
> Gal 3:24  Die wet was dus ons tugmeester **na die Gesalfde toe**, sodat ons geregverdig kan word **uit die geloof**.
> Gal 3:25  Maar **nou dat die geloof gekom het**, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.
> Gal 3:26  Want julle is almal kinders van Elohiem **deur die geloof** in die Gesalfde JaHUsha;
> Gal 3:27  want julle almal wat <u>in die Gesalfde gedoop is</u>, het julle met die Gesalfde beklee. *('n geestelike doopervaring)*
> Gal 3:28  Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in die Gesalfde JaHUsha.
> Gal 3:29  En **as julle aan die Gesalfde behoort**, <u>dan is julle die nageslag van Abraham</u> en volgens die belofte erfgename.

Net besnedenes kon die fisiese Beloofde Land ingaan, want Gen. 15:4 – 6 was gekoppel aan Gen. 15:18 - 21.  Dit het reeds in vervulling gegaan vir fisiese Israel (1 Kon. 4:20 - 21), maar vir ons as die geestelike Israel verg dit ook besnydenis, naamlik die hartsbesnydenis, om die geestelike Beloofde Land te kan ingaan en dit gaan gepaard met **geloof** in **JaHUsha die Gesalfde** *(as die Saad van Abraham),* se sterwe en opstanding, net soos wat AbraHam ook in Hom geglo het (Rom. 4:9), want Abraham <u>het Sy dag gesien</u> (Gen. 22/Joh. 8:56).

Omdat Abram **geglo** het, is dit hom tot geregtigheid gereken, en hy het Abra**H**am geword, die geestelike vader *(die Hebreeuse "Hey" wat ingevoeg is dui op die Gees)*. Maar selfs AbraHam het nog nie die **geestelike** beloofde land beërf nie.  Alle Gelowiges sal dit gelyktydig saam ingaan ... as hartsbenedenes ... deur geloof.

> Heb 11:8  Deur **die geloof** het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ‘n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.
> Heb 11:9  Deur **die geloof** het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ‘n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.
> Heb 11:10  **Want hy het die stad verwag wat fondamente het**, waarvan Elohiem die boumeester en oprigter is.
>
> Heb 11:39  En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte **nie verkry nie**,
> Heb 11:40  omdat Elohiem iets **beters** oor ons beskik het, sodat hulle nie **sonder ons** volmaak sou word nie.

Besnydenis was dus gekoppel **aan AbraHam se geloof** wat vir hom tot geregtigheid gereken is (Gal. 3:6), want daarna is hy besny aan die geslagsdeel **waardeur die saad** sou voortkom.  Dit was ‘n Bloedverbond. *(Sien ook:  GILGAL EN GALILEA)*

So is geloof ook noodsaaklik vir die hartsbesnydenis in die Nuwe (of Hernude) Verbond. Van die hartsbenydenis  **op grond van geloof**, lees ons in Rom. 2:28 – 29, Gal. 3:3, Gal. 5:3 – 6 en die hele Rom. 4.

**Abraham** het die **hartsbesnydenis** ook gehad, want hy het **in Elohiem geglo** en DIT is hom tot geregtigheid gereken (Gen. 15:6, Rom. 4:3).

‘n Baba wat besprinkel word met water kan aan die anderkant nie glo nie, en dis dus nie die doop waarvan die Woord praat nie.  Dis nie Skriftuurlik nie (ons besprinkel mos ook nie beskuit nie, maar ons “doop” dit in die koffie).

Dis ook interessant dat daar reeds al in die Ou Testament na die Hartsbenydenis verwys word, want hulle ongelowige harte was verhard.   Vergelyk Deut. 10:16, Jer. 9:25 – 26, Eseg. 44:7 en Hand. 7:51.

Al sou mense dan die kinderdoop wou vergelyk het met besnydenis, is daar steeds geen regverdiging daarvoor nie, want ‘n baba kan nog nie glo nie en ‘n baba kan ook nog geen sondebesef hê om sy sonde te kan bely en die Bloed van JaHUsha daarvoor as versoening aan te neem nie.

‘n Baba sal wel gedek word deur sy ouers se geloof totdat hy/sy toerekeningsvatbaar geword het (1 Kor. 7:14).

Daar is wel ruimte as iemand hulle baba wil toewy aan JaHUaH, maar dit is dan nie deur die doop nie, maar deur gebed en seën (Num. 6:23 - 27), en dit is dan ook die ouers se taak om die kind so op te voed dat hy gelei sal word na JaHUsha toe.  *(Sien:  ELOHIEM SE PLAN IS SEËN.)*

Maar waar het die kinderdoop dan ontspring?

**DIE HEIDENSE OORSPRONG VAN DIE KINDERDOOP**

Hier gaan ons weer vir Eben Swart wat geskiedkundige navorsing oor die saak gedoen het, aanhaal ...

> *“Waar het heidene oorspronklik aan die idee gekom om babas te doop?*

*Die antwoord lê baie ver terug in tyd – tot by die vierde generasie ná Noag se vloed!*

*Navorsing wys op die volgende: Noag se agterkleinseun Nimrod was 'n goddelose man. Hy het die stad Babilon gebou en 'n godsdienstige stelsel ontwerp wat sy volgelinge van God vervreem het.*

*Hierdie godsdienstige stelsel het bekend gestaan as "Die Geheimenisse", en word tot vandag toe deur heidene beoefen.*

*Ná Nimrod het die Geheimenisse met verloop van tyd verder ontwikkel. In hierdie godsdienstige stelsel was "suiwering dmv vuur" een van die maniere waarop mense van hul sonde ontslae probeer raak het. Dan het hulle 'n vuur gemaak wat hoog vlam, en herhaaldelik heen en weer deur die vlamme gespring. Hulle het geglo dat die vuur hulle sondes "wegbrand" elke keer as hulle deur die vlamme spring.*

*En met verloop van tyd het hulle natuurlik besef dat, hoe vroeër in sy lewe 'n persoon hierdie "suiwering" ondergaan, hoe beter. En so het hulle dit dan met babas begin doen: So gou as wat 'n baba se fisieke liggaampie die rowwe hantering kon verduur, het hulle hom styf in doeke toegedraai – amper soos 'n rugbybal. Dan het twee volwassenes weerskante van 'n hoog-vlammende vuur gaan staan en die baba herhaaldelik deur die vlamme vir mekaar gegooi en gevang.*

*Dit is waarna "deur die vuur gaan vir Molek" verwys (2 Kon. 16:3; 23:10; 2 Kron. 33:6; Eseg. 16:21). Op verskillende stadiums in die geskiedenis is hierdie praktyk deur Godvresende heersers onwettig verklaar – wat veroorsaak het dat beoefenaars van die Geheimenisse oorgeskakel het vanaf vuur (as suiweringsagent) na water (wat ook 'n welbekende suiweringsagent is).*

*En voilá! ons het Kinderdoop – deur besprinkeling.*

*(Sien Die Twee Babilons deur Rev. Alexander Hislop - verkrygbaar vanaf Trumpet Call)"*

0-0-0-0-0

AndriYaH
Maart 2021